

Skrifgedeelte: Hebreërs 4:1-13

Fokusgedeelte: Hebreërs 4:12, 13

God se woord is lewend en kragtig

Afvalligheid bedreig ons geloof. Met verwysing na Psalm 95:11 moes die Hebreërs leer dat die ingaan in die rus nie tot die ingaan in die beloofde land beperk was nie. Hulle het wel die woord gehoor, maar nie almal het daders geword nie.

Nadat God sy skeppingswerk afgehandel het, het Hy op die sewende dag gerus (Gen. 2:2). Die belofte om in sy rus in te gaan, was ook vir die Hebreërs geldig. Hierdie belofte geld steeds vir elkeen wat uitverkies is en besig is om van die bose werke te rus. Die Israeliete se rus in Kanaän was 'n skaduwee van die geestelike rus wat ons in Christus, met sy wederkoms, sal geniet.

God se woord is lewend en kragtig. Deur die kragvolle werking van die Heilige Gees word ons vir die woord ontvanklik. Soos 'n skerp swaard sny die woord diep in ons harte in. Kragdadig gryp die Heilige Gees in en bewerk deur die woord verandering, verbetering van ons gedagtes, begeertes, woorde en dade.

Die woord is skerper as enige swaard met twee snykante. Dit beoordeel die bedoelings en gedagtes van die hart. Dit ontbloot ons diepste lewensnood. Voor God, wat alles weet, val ons maskers weg.

Jesaja 55:11 wys ons daarop dat die woord nooit leeg tot God terugkeer nie. Sy woord bring tot stand waarvoor Hy dit stuur. Teen sy woord is geen verweer nie. Kragdadig bewerk dit redding vir die uitverkorenes. Kragdadig bewerk dit die verdoemenis vir die goddelose.

Teenoor die dreiging vir die afvalliges, is daar die heerlike beloftes vir dié wat glo. Bid dat die Heilige Gees jou vir die woord oop en ontvanklik maak. Dat jou gedagtes, hartsgesindheid en ingesteldheid verander mag word. Ons mag nooit rustig in die sonde wees nie. In die soenverdienste van Christus word die onrus in ons binneste stil.

*Sing: Psalm 139-1:1, 2, 12; Psalm 95-1:3, 4, 5
Ds. WP (Willem) van der Merwe (Emeritus)*